**SARS Doeane-beamptes in R25 miljoen kokaïene-onderskepping**

**Tshwane, 11 Oktober 2024 -** Doeane-beamptes van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het 47 blokke saamgepersde kokaïene, met 'n geskatte straatwaarde van R25 miljoen, vanoggend by OR Tambo Internasionale Lughawe (ORTIA) ontbloot.

Die blokke kokaïene, van nagenoeg 50 kg, is in bagasie verpak wat vanoggend deur doeane-beamptes en lughawesekuriteit opgemerk is op 'n bagasieband van 'n vlug van São Paulo in Brasilië onderweg na Kinshasa in die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK).

SARS se doeane-beamptes het die bagasie deursoek en verdagte voorwerpe in die bagasie gevind. Die voorwerpe het positief vir dwelmmiddels getoets. Daar was geen passasiers wat die bagasie vergesel het nie en niemand is gearresteer nie. Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) sal nou die saak verder ondersoek nadat alles aan hulle oorhandig is.

São Paulo in Brasilië is 'n hoë-risiko vertrekpunt vir dwelmsmouse, vir vergeselde sowel as onvergeselde bagasie met kokaïene in. 'n Hele paar dwelmsmouse is die afgelope paar weke by ORTIA vasgetrek.

SARS Kommissaris, Edward Kieswetter, waarsku diegene wat by dwelmhandel betrokke is dat 'n interagentskapsbenadering ingestel is om hulle tot hok te bring. SARS Doeane, die grensbestuursowerheid, die lughawemaatskappy, die polisie en die departement van binnelandse sake werk saam om burgers teen die invlaag van dwelms te beskerm. Hy het gesê: "Hierdie multidissiplinêre benadering het ontlangs tasbare resultate getoon deur arrestasies en onderskeppings. Met hierdie optrede beskerm ons die welstand van ons burgers, veral jongmense wat ons toekoms is," het die kommissaris gesê.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.